LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 3/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Slagchnizomai

U sal sien ons het in die week ons tema vir die jaar bekend gestel, slagchnizomai. Waarom kyk ons weg as ons seer sien? Dit kan wees omdat ons nie wil staar nie, mag dalk ongeskik voorkom. Ons lees egter op verskeie plekke in die Bybel waar Jesus die seer raaksien, maar Hy sien dit nie net nie, dit trek sy aandag. Dink maar gerus aan die siek man by die bad van Batesda, die weduwee van Nain en self in die verhaal van die verlore seun. Die pa sien verby die kind se sonde en sien die seun raak. Ons lees ook telkemale dat Jesus hulle innig jammer gekry het, 'n diep jammerte/liefde tot by sy ingewande. Die vraag is, raak die seer rondom ons, ons nog of kyk ons weg? Wanneer ek dit nie sien nie, is dit nie nodig om iets daaraan te doen nie. Die probleem is, seer maak seer. Om ander se seer te sien en saam te voel maak ons ook seer. As ons hierdie verstaan bloei ons harte vir ander, en mense wie se hart lek gaan dood aan 'n lekhart. Wanneer ek dood gaan aan 'n lekhart begin ek vir ander leef en dan voer ons die wil van Christus uit. Ons lees ook by verskeie gedeeltes in die Bybel dat Jesus wanneer Sy hart klaar gelek het vir ander en Hy moeg was, Hy die ander weggestuur het om alleen te wees. Hier het Hy dan tyd saam met God in gebed spandeer om versterk te word, ons kan amper sê Hy ontvang dan weer 'n bloedoortapping van God om weer Sy hart vir ander te laat bloei en lek. Mag ons ander raaksien, nie net sien nie, maar regtig diep binne raaksien om só die wil van Christus te kan uitvoer.

## Goegieland

Ons doen graag 'n beroep op u in verband met die volgende sake:

- Vroeë diens van personeel begin eers om 06:30. Ons kan ongelukkig nie maats 06:20 ontvang nie. Die kleuterskoolhekkie sal om 06:30 oopgesluit word. Maats wat vroeër by die ander hekke ingebring word, sal ongelukkig eers 06:30 onder toesig van die kleuterskoolpersoneel wees.
- Ons vra ook asseblief baie mooi dat u alle besittings sal merk. Maats oefen nog die waarde van verantwoordelikheid in en het nog soms ons volwasse hulp nodig. As besittings gemerk is, maak dit die terugbesorg van verlore items baie makliker.
- Soos op die kwartaalprogram aangedui, word Gr. 0-maats op Donderdag, 13 Februarie 2025 deur Me. Daníle Neethling getoets vir gehoorsifting. Hierdie is opsioneel, maar verseker voordelig. Stuur asseblief die skeurstrokie terug voor of op 12 Februarie 2025.
- Laastens herinner ons u aan die Valentynspiekniek op 14 Februarie 2025. Maats wat nie ‘n pakkie by die skool aankoop nie is welkom om hul eie bederfpakkie saam te bring. Ons vra ook dat maats rooi en wit kleredrag vir die dag sal aantrek.

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 11 Februarie 2025

- Atletiek Circuit te Secunda Stadion

### 12 Februarie 2025

- Individuele Fotodag

### 13 Februarie 2025

- Toets: SW

### 14 Februarie 2025

- Atletiek Munisipaal te Secunda Stadion

## Landsdiens

Landsdiensregistrasies sluit op Vrydag, 14 Februarie 2025. Druk op die skakel om te registreer. Moenie hierdie jaar uitmis nie!

**Die Skakel!**

**Landsdiens Registrasie**



## Valentynspakkies

Bestel jou valentynsdagpakkie voor of op Woensdag 12 Februarie 2025. Die valentynspakkies sal dan Vrydag, 14 Februarie 2025 ontvang word. Leerders mag Vrydag, 14 Februarie 2025 gewone klere aantrek in die kleure rooi, pienk of wit.

## Drama

Baie dankie aan elkeen wat gekom het vir die drama oudisies, julle was baie oulik! Die briewe gaan vandag, 7 Februarie 2025 uit. Maandag, 10 Februarie 2025 gaan daar geen oefening wees nie, maar die ouerinligtingsaand vind steeds 18:15 in die skoolsaal plaas. Woensdag, 12 Februarie 2025 begin die oefening vir die Gr. 0 tot 2's. Maandag, 17 Februarie 2025 sal die oefening vir Gr. 3 tot 7's begin. Sien julle daar!

## Skaak

**Skakel vir Skaak WhatsApp-groep**

Ons is só opgewonde oor die skaakseisoen wat hierdie week begin het, ons bars uit ons nate! Ongelukkig is ons aantal plekke wat ons kan akkommodeer nou vol, dus is die inskrywings nou gesluit. Kyk asseblief op d6 en die kwartaalprogram vir oefendae en -tye. Onthou om die WhatsApp-groepie te volg, indien u nog nie daarop is nie. **Belangrike datum: 28 Februarie 2025. Hou hierdie dag oop vir ons skaakproewe wat gaan plaasvind in die skoolsaal vanaf 14:00 tot ongeveer 17:30. Dit is vir alle belangstellendes.** Briewe kan van volgende week af by juf. Ané, juf. Carin, juf. Beertjie of by juf. Bytjie afgehaal word.

## Klein-maar-Getrain

Ons 1ste week van voorseisoen het afgeskop en was sukselvol gewees. Dae wat ons oefen is op Maandae, 13:45 tot 14:45 en Donderdae, 14:00 tot 15:15. Kleredrag is gemaklike klere waarin hul kan oefen. Hul magies moet toe wees. Onthou waterbottel en tekkies. 10 & 11 Februarie 2025 is daar 'n kliniek vir die o/9-dogters, kostes beloop R150 per speler. Onthou om die briefies terug te stuur skooltoe. Gelde word by hul klasonderwysers in betaal. Voorseisoen program vir o/8 en o/7 sal voortgaan op Maandag, 10 Ferbruarie 2025 en Dondedag, 13 Februarie 2025.

**<u>Wenk van die week</u>**

Indien moonlik skaf 'n netbalbal vir u kind aan. Balgrootte is ‘n nr. 4-bal vir o/7 tot o/9 en o/6 se balgrootte is nr 3. Balvaardighede gee jou kind 'n voorsprong. Kinders het vroeg reeds goeie koördinasievaardighede nodig wat hulle in staat stel om eenvoudige dinge te doen soos om aan te trek, tandepasta op 'n tandeborsel uit te druk en vrugtesap te skink. So ontwikkel daardie balvaardighede by u kind!

## Dankbaarheid

DANKBAARHEID - Ons is hierdie week dankbaar vir ons talente wat die Here vir ons gegee het. 'n Huis met ouers en dalk nog boeties en sussies ook.




| 10 Feb | 11 Feb | 12 Feb | 13 Feb | 14 Feb | 15 Feb | 16 Feb |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Skye Bezuidenhout<br>Cody Button | | Christiaan Hartzer<br>Kayno Cloete<br>Nathan Pelser<br>Linay Hartzer<br>Doandré v Staden<br>Zandilee Naudé<br>Divan du Plessis | Gabby v Jaarsveld | Bruce Robinson<br>Amelia Vassard | Hendrik vd Walt<br>Wian Myburgh | André Maré<br>Keagan v Eeden<br>Ilishia vd Walt |

# Atletiek Zone

Baie geluk aan die volgende atlete wat podiumplekke behaal het tydens die Zone Atletiekbyeenkoms wat plaasgevind het op Dinsdag, 4 Februarie 2025 te Secunda Stadion.

| | | |
|---|---|---|
| Juan Wels | - | 1ste o/13S 80mH, 1ste Gewigstoot, 1ste Diskus, 1ste 200mH |
| Izanie Ferguson | - | 1ste o/13D 1500m, 1ste 200m, 1ste 800m, 3de 100m |
| Chloe Kleb | - | 2de o/12D 1200m, 2de 75mH, 2de 150m, 1ste 150mH |
| Mienké Visser | - | 2de o/13D Gewigstoot, 1ste Spiesgooi, 1ste Diskus |
| Kaylie Serfontein | - | 1ste o/13D Gewigstoot, 2de 800m, 2de Diskus |
| Keagan v Eeden | - | 1ste o/10S Hoogspring, 1ste Verspring |
| Sebastian Stratford | - | 2de o/13S Gewigstoot, 3de Spiesgooi |
| Lucan Lessing | - | 1ste o/11S 70mH, 1ste 80m, 2de 100m |
| Nico Becker | - | 1ste o/13S Hoogspring, 2de Verspring |
| Jason Stratford | - | 1ste o/11S Verspring, 1ste Hoogspring |
| Jeandré Oosthuizen | - | 1ste o/12S Diskus, 1ste Gewigstoot |
| CJ Meyer | - | 1ste o/12S Spiesgooi, 1ste 150mH |
| Linay Hartzer | - | 1ste o/11D Hoogspring, 1ste 100m |
| Mieke Erasmus | - | 1ste o/12D Hoogspring, 3de 100m |
| Renesmé Becker | - | 2de o/11D 70mH,2de Hoogspring |
| Armand Joubert | - | 2de o/13S Diskus, 1ste Spiesgooi |
| Cayleigh Cooper | - | 1ste o/12D 75mH, 2de 150mH |
| Jayden Ferreira | - | 1ste o/12S 150m, 1ste 100m |
| Lea Cronjé | - | 3de o/10D 80m, 3de 100m |
| Marno Camper | - | 3de o/10S 80m, 2de 100m |
| Willie-Uys J v Rensburg | - | 1ste o/13S 1500m |
| Louis du Plessis | - | 3de o/13S 1500m |
| Mia v Eeden | - | 3de o/12D 1200m |
| Daantjie Lesch | - | 1ste o/12S 1200m |
| CJ Meyer | - | 2de o/12S 1200m |
| Emma du Plessis | - | 1ste o/11D 1200m |
| Charlize Labuschagne | - | 1ste o/10D 1200m |
| Ruzelle Grobler | - | 1ste o/12D Diskus |
| Clarissa Landsberg | - | 2de o/12D Diskus |
| Waldt v Niekerk | - | 2de o/12S Spiesgooi |
| Gabby v Jaarsveld | - | 2de o/11D Gewigstoot |
| Telisha Muller | - | 3de o/11D Gewigstoot |
| Jason Stratford | - | 1ste o/11S Gewigstoot |
| AJ vd Merwe | - | 2de o/11S Gewigstoot |
| Edmund Ferreira | - | 2de o/13S 80mH |
| Marlie Venter | - | 1ste o/13D 75mH |
| Jayden Ferreira | - | 1ste o/12S 75mH |
| Nico vd Westhuizen | - | 2de o/12S 75mH |
| Paul Strydom | - | 2de o/11S 70mH |
| Mia Munnik | - | 1ste o/11D 70mH |
| Lea Cronjé | - | 1ste o/10D 70mH |
| Kaylene Meintjies | - | 3de o/10D 70mH |
| Jayden v Aswegen | - | 2de o/12S Diskus |
| Monique du Plessis | - | 1ste o/12D Spiesgooi |
| Alissa J v Rensburg | - | 3de o/13D 200m |
| Gabby Japhta | - | 1ste o/13D Hoogspring |
| Lyndon Dodd | - | 3de o/13S Hoogspring |
| Elzané Potgieter | - | 1ste o/12D Gewigstoot |
| Jané Kasselman | - | 2de o/12D Gewigstoot |
| Dian Viljoen | - | 2de o/12S Gewigstoot |
| Linay Hartzer | - | 1ste o/11D Verspring |
| Manny Neto | - | 2de o/11D Verspring |
| Alecia Cronjé | - | 1ste o/12D Verspring |
| Cindy Bredenhann | - | 1ste o/11D Gewigstoot |
| Aléza Kasselman | - | 2de o/10D Gewigstoot |
| Ben-Paul Botha | - | 1ste o/10 Gewigstoot |
| Jaunru Liebenberg | - | 2de o/10S Gewigstoot |
| Nicole Potgieter | - | 2de o/13D Spiesgooi |
| Izandri Wagenaar | - | 2de o/12D Hoogspring |
| Lianke Luwes | - | 2de o/13D Verspring |
| Marlie Venter | - | 3de o/13D Verspring |






# Atletiek Hoëveldgroep

Ons wil graag die volgende atlete geluk wens wat podiumplekke by die Hoëveldgroep atletiekbyeenkoms behaal het.

| | | |
|---|---|---|
| Mikayla Riekert | - | 2de o/7D 60m, 2de 80m |
| Arlu Greef | - | 3de o/8S 60m, 2de 400m |
| Izanie Ferguson | - | 3de o/13D 100m, 1ste 200m, 1ste 800m, 1ste 1500m |
| Luhandré Cronjé | - | 2de o/7S 400m |
| Pienaar J v Rensburg | - | 3de o/7S 400m |
| Marelie Kock | - | 2de o/9D 600m |
| Mia-né Smit | - | 3de o/9D 600m |
| Milan Zwarts | - | 3de o/13D 800m, 2de 1500m |
| Willie Uys J v Rensburg | - | 1ste o/13S 800m, 1ste 1500m |
| Louis du Plessis | - | 2de o/13S 800m, 2de 1500m |
| Chalize Labuschagne | - | 1ste o/10D 1200m |
| Jason Hartzenberg | - | 2de o/10S 1200m |
| Emma du Plessis | - | 1ste o/11D 1200m |
| Hayley Louw | - | 3de o/11D 1200m |
| Lucan Lessing | - | 1ste o/11S 1200m |
| Clayton Schreuder | - | 3de o/11S 1200m |
| Chloe Kleb | - | 2de o/12D 1200m, 3de 150mH |
| Mia v Eeden | - | 3de o/12D 1200m |
| Daantjie Lesch | - | 2de o/12S 1200m |
| Lea Cronje | - | 2de o/10D 70m |
| Mia Munnik | - | 1ste o/11D 70mH |
| Cayleigh Cooper | - | 2de o/12D 75mH |
| Jayden Ferreira | - | 3de o/12S 75mH |
| Juan Wels | - | 3de o/13S 80mH, 3de 200mH, 2de Gewigstoot |
| Linay Hartzer | - | 3de o/11D Hoogspring, 2de Verspring |
| Jason Stratford | - | 3de o/11S Hoogspring, 1ste Verspring |
| Mieke Erasmus | - | 3de o/12D Hoogspring |
| AJ vd Merwe | - | 2de o/11S Gewigstoot |
| Jeandré Oosthuizen | - | 1ste o/12S Gewigstoot, 1ste Diskus |
| Kaylie Serfontein | - | 1ste o/13D Gewigstoot |
| Mienke Visser | - | 3de o/13D Diskus, 1ste Spiesgooi |
| CJ Meyer | - | 1ste o/12S Spiesgooi |
| Nicole Potgieter | - | 2de o13D Spiesgooi |

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**